## Riglyne vir onderrig

Verduidelik aan die leerders dat hulle gereeld opsommings doen sonder dat hulle dit weet. As hulle 'n fliek gesien het en 'n maat daarvan vertel, gebruik hulle tog nie twee uur om dit te vertel nie, maar hulle som dit op. Dit is presies wat ons met 'n opsomming beoog en dit is makliker, want jy het die teks voor jou. Lê klem op die waarde van opsommings, bv. om langvrae te leer en toesprake te memoriseer.

Dit is baie belangrik dat die leerders weet hoe die formaat van 'n opsomming lyk. Hersien die volgende met hulle. Verduidelik dat as hulle 'n opsomming maak, moet hulle dadelik aan die getal 7 dink.

Daar is **sewe** reëls hoe om dit te skryf en **sewe** punte wat geskryf moet word.

1. 'n Opsomming word puntsgewys van 1 tot 7 ondermekaar geskryf.
2. Die leerder moet tussen 60 en 70 woorde skryf.
3. Die leerder moet in sy of haar eie volsinne skryf.
4. Net een feit per sin mag geskryf word.
5. Doen beplanning en rofwerk voordat die finale produk geskryf word.
6. Laat 'n reël oop na elke sin.
7. Skryf die aantal woorde aan die einde van die opsomming.

Verduidelik ook **hoe** om op te som.

1. Lees die teks deur en soek die hoofgedagtes en tema.
2. Besluit watter gedagtes die belangrikste is.
3. Skryf hierdie hoofgedagtes in jou eie woorde.
4. Rangskik jou sinne in die korrekte volgorde sodat dit sin maak.

## Antwoorde

1. Die album is goed en vars.
2. Dit is iets anders, maar nie skokkend nie.
3. Dit laat jou dagdroom, want jy gaan op 'n elektroniese sprokie.
4. Die lirieke is uitstekend.
5. Dit gaan oor almal se vreugdes en teleurstellings.
6. Die lirieke mors nie tyd nie.
7. Dit is 'n plesier om na te luister.

(51 woorde)

## Aktiwiteit 7: Getal, verkleining (LB bl. 262)

| Enkelvoud | Meervoud | Verkleinwoord |
|---|---|---|
| 1. stad | stede | stadjie |
| 2. berg | berge | bergie |
| 3. koor | kore | koortjie |
| 4. dag | dae | daggie |
| 5. uitvoering | uitvoerings | uitvoerinkie |
| 6. lied | liedere | liedjie |
| 7. aand | aande | aandjie |
| 8. saal | sale | saaltjie |
| 9. skool | skole | skooltjie |
| 10. toer | toere | toertjie |